Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Privaatsak X6001 Potchefstroom 2520
Tel (018) 299 1111 Faks (018) 299 2799

Kantoor van die Registrateur
Tel (018) 299-2609

E-Pos vgajcp@puknet.puk.ac.za

4 Desember 1998

Prof. WD Jonker
p/a Departement Teologie
Universiteit Stellenbosch
7600

Geagte prof. Jonker

Dit is vir my besonder aangenaam om u te kan meedeel dat die raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 'n vergadering van 26 November 1998 besluit het om aan u die graad Th.D.-graad (honoris causa) toe te ken op grond van:

- u buitengewone akademiese statuur in sowel die nasionale as internasionale konteks;
- u hoogstaande wetenskaplike bydrae in diens van die gereformeerde teologie, in besonder op die terrein van die dogmatologie en wat deur die nasionale en internasionale erkenning wat dit geniet, wêreldwyd aan talle gereformeerde teologiese instellings gebruik word;
- u instemming met en goedgesindheid teenoor die karakter van die PU vir CHO en in die besonder met die Fakulteit Teologie.

Hartlik geluk met die besondere onderskeiding. Sal u ons asseblief skriftelik meedeel of u die toekenning van die eredoktorsgraad aanvaar. Die formele toekenning sal plaasvind by die herfsgradeplegtigheid van die Universiteit op Vrydag 7 Mei 1999 om 10:00.

U en u eggenote word hartlik uitgenooi na Potchefstroom en die Universiteit sal dus instaan vir u beide se reis- en verblyfkoste. Sal u asseblief bevestig of u hierdie uitnodiging aanneem sodat die nodige reëlings getref kan word.

Vriendelike groete

Prof. CFC van der Walt
REGISTRATEUR

VGAJCP p:\word\eretken\briewe\eregrwdj.doc

GRADEPLEGTIGHEID, POTCHEFSTROOM, 7 MEI 1999

Geagte Meneer die Kanselier, die Rektor, geëerde lede van die Raad en die Senaat, Dames en Here -

Dit is vir my moeilik om uitdrukking te gee aan my erkentlikheid teenoor die Universiteit van Potchefstroom vir die hoë eer wat vandag aan my bewys word. Die nuus van die besluit van die Raad van die universiteit in hierdie verband, was vir my 'n groot verrassing uit 'n onverwagte oord. Toe die rektor my enkele maande gelede opgebel het om die nuus aan my mee te deel, was ek heeltemal uit die veld geslaan. Dit hang nie net daarmee saam dat ek self, as ek oor my lewe en werk terugkyk, die waarde daarvan nie so hoog aanslaan as wat in hierdie eerbetoning na vore kom nie, maar ook dáármee dat ek 'n groot agting en diepe respek vir hierdie universiteit koester en juis daarom erkenning uit hierdie oord buitengewoon hoog op prys stel.

Die waarde van 'n dergelike gebaar van erkenning hang ten nouste saam met die status van die instansie wat dit verleen. Wat my betref, was dit nog altyd so dat ek die hoogste agting vir hierdie universiteit gekoester het, en ek glo dat derduisende dit met my deel. Die bydrae wat Potchefstroom as plek, en met name die universiteit en Teologiese Skool op kulturele en wetenskaplike terrein, maar ook tot die opbou van ons volk en kerke gelewer het, is onberekenbaar groot. Wat dit betref, is dit onmoontlik om Potchefstroom uit ons geskiedenis weg te dink.

Die eerbetoning wat vandag deur hierdie universiteit aan my bewys word, is vir my daarom van besondere betekenis. Dat ek as seun van die Wes-Transvaal deur Gods genadige beskikking die voorreg gehad het om intensief by die kerklike en akademiese lewe in ons land betrokke te raak, bly iets waaroor ek

myself tot die einde sal verheug. Dat ek in dié proses meermale uit oortuiging bepaalde keuses gedoen het wat omstrede was, was soms pynlik, maar tog ook onvermydelik. Ek kon met groter wysheid opgetree het. Maar ek kan vandag met eerlikheid sê dat dit altyd my doel was om aan die basiese dinge getrou te bly wat ons as Christene en Gereformeerdes met ons belydenis en geskiedenis meegekry het.

En in hierdie opsig het ek my altyd aan die Doppers verwant gevoel. Die bydrae wat die Geref Kerke tot ons geskiedenis en kultuur gelewer het, is onberekenbaar groot. Die invloed wat hulle op baie van ons buite hulle eie binnekring gehad het, kan nie gemeet word nie. En dan dink ek nie net aan die grote Totius wat 'n gawe van God aan ons kerke en ons volk was nie, maar aan baie andere wat in kritiese solidariteit telkens weer 'n profetiese rol in ons volks- en kerklike lewe gespeel het. En wie sal in hierdie verband die waarde kan bereken van die invloed wat van hierdie uńiversiteit met sy uitgesproke Christelike karakter uitgegaan het?

Dit is in hierdie lig, Meneer die Kanselier, dat ek die toekenning van hierdie eregraad aan my in die besonder waardeer en my opregte dank daarvoor wil betuig. Dit is my bede dat hierdie Universiteit en in die besonder ook die Teologiese Skool, van krag tot krag sal gaan in die groot diens wat hulle aan die gemeenskap en die Christelike kerk lewer!